# Lesing 17.08.2018 - Lesing 15 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

*14 JaHWeH het aan Noag gesê: Neem vir jou `n vrou, en* ***verwek kinders****, want Ek het jou regverdig voor My in hierdie geslag gesien.*

*15* ***Jy sal saad verwek, en jou kinders saam met jou, in die middel van die Aarde****, en Noag het gegaan en `n vrou geneem, en hy het* ***Naäma, die dogter van Henog*** *gekies, en sy was vyfhonderd-en-tagtig jaar oud.*

*16 Noag was vierhonderd-agt-en-negentig jaar oud, toe hy Naäma as vrou geneem het.*

*17 En Naäma het swanger geword en `n seun gebaar, en sy het hom* ***Sem*** *genoem en gesê: Elohim het my `n* ***oorblyfsel*** *gemaak,* ***om saad te vestig in die middel van die Aarde****; en Naäma het weer swanger geword en `n seun gebaar, en sy het hom* ***Jafet*** *genoem en gesê:* ***Elohim het my uitgebrei op die Aarde****,*

*18 Noag was vyfhonderd-en-twee jaar oud toe Naäma Sem gebaar het, en die seuns het grootgeword en het in die Weg van JaHWeH gewandel in alles wat Metúsalag en Noag, hulle vader, hulle geleer het.*

Ons kan duidelik sien dat Naäma die dogter was van die suiwerste man wat in daardie tyd geleef het. Henog was so suiwer, dat hy sy vlees in eteriese substans verander het en in die hoogste hemele ingegaan het, selfs daar waar Gabriël nie eers kon kom nie. Hoe suiwer moes sy dogter se saad dan nie gewees het nie! Let verder goed op, hier word **slegs van twee seuns** gepraat wat Noag se saad sou voortplant in die middel van die aarde, op die aangesig van die adamah (adamiet se aarde). Hierdie begrip "adamah" kom voor in Hebreeus en verskil van die algemene woord, "aarde" wat op ander plekke in die Skrif gebruik word.

Nêrens word daar egter `n woord verder in die Boek van die Opregte gerep wie hierdie derde seun, Gam, se biologiese ouers was nie. Ook nie in die Bybel nie.

Die term, "middel *van die aarde*"moet beide fisies en geestelik verstaan word. Fisies was dit daardie gebied wat aan ons bekend is waar ons stamvaders gewoon het, naamlik die gedeeltes in Midde-Asië. Geestelik dui hierdie term aan, "*waar JaHweH is*". Waar Hy is, is die middelpunt van alles. Daarom het alle stamvaders, sowel as die Messias ook uit Sem afgestam. Hy, Jahshua, sou uiteindelik die groot en enigste middelpunt van alles word, die middelpunt van die ganse skepping. Daarom is jou hart, waar en wanneer JaHshua in jou opgestaan het, ook die middelpunt in jou aarde (jou siel).


(FYROM)
Makhachkala
Махачкала
Tbilisi
თბილისი
Georgia
Caspian Sea
Istanbul
Greece
Bursa
Athens
Αθήνα
Ankara
Izmir
Armenia
Azerbaijan
Baku
Turkey
Antalya
Adana
Tehran
تهران
Cyprus
Syria
Lebanon
Beirut
بيروت
Damascus
دمشق
Baghdad
بغداد
Iraq
Alexandria
الإسكندرية
Satellite
Jerusalem
Jordan
Cairo
Iran